

Donderdag 4 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:3-11

Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:10;
Heidelbergse Kategismus 32:86

Sekerheid van ons geloof uit goeie werke

Volgens ons belydenis het die doen van goeie werke in die lewe van die Christen ook ten doel om ons deur die geloof sekerheid te gee dat ons God se uitverkore kinders is. En dit is wat Petrus ook bedoel as hy sê dat ons ons roeping en verkiesing vas moet maak ("stewig vestig", 2014-vertaling).

Nou mag daar gevra word hoe dit vir die mens moontlik is om sy verkiesing vas te maak. Die uitverkiesing is tog 'n werk van God wat van ewigheid af bepaal is, en geen mens kan dit verander nie. Dit is egter nie wat Petrus bedoel nie. Hy bedoel dat die uitverkiesing in die bewussyn van die gelowige steeds vaster gemaak moet word, sodat hy met sekerheid kan *weet* dat hy *werklik* 'n uitverkore kind van God is. Dit is wel vir die mens moontlik.

Petrus sê dat 'n mens dit kan doen deur erns te maak met jou roeping, en dan plaas hy roeping voor uitverkiesing. Daarmee bedoel hy dat 'n mens in jou eie hart en gemoed sekerheid van jou uitverkiesing sal en kan kry deur met alle erns die roeping wat God op jou gelê het, uit te voer. Die gelowige moet alles in die stryd werp om altyd goeie werke te doen soos God dit wil hê. Ons moet Hom van harte liefhê en dien, waarlik in Hom glo en op Hom vertrou, ons beywer om goeie werke te doen as resultaat van ons geloof en bekering. Ons moet luister na die prediking van die Woord en doeners van die Woord word. Ons moet met volharding tot die Here bid. Kortom, ons moet, soos Paulus dit stel, in toewyding aan God lewe (1 Tim. 4:7).

Petrus noem spesifiek 'n aantal kenmerke as vrugte van geloof en bekering wat by die kind van God gevind moet word as hy sy roeping voor God wil vervul. Dit is geloof, uitnemendheid, kennis, selfbeheersing, volharding, 'n aan God toegewyde lewe, broederliefde en naasteliefde (vs 5-8). In die vervulling van hulle roeping moet hierdie dinge, volgens die apostel, deur die gelowiges nagestreef word sodat dit by hulle kan toeneem (vs 5, 8). As ons bogenoemde dinge doen, waarlik erns maak met ons roeping in die diens van God, gaan ons voort op die pad waarlangs die Here ons wil lei tot 'n vaste, innerlike sekerheid dat ons werklik sy uitverkore kinders is. So sal ons kom tot oorwinning oor die twyfel wat ons geloofslewe so dikwels strem.

Hoe wonderlik is dit nie om sekerheid van die geloof te hê nie! Dan het ek 'n anker om aan vas te hou in voorspoed en in teëspoed. Ek weet dan dat ek 'n uitverkore kind van God is en dat daar om Christus ontwil 'n ewige lewe en saligheid op my wag (vgl. vs 11).